

Skriflesing: Daniël 10: 1 – 21

Teks: Daniël 10:12-13

Sing- Ps.66:1,2; Ps.40:4; Ps.66:7,8; Ps.89:3,6

As ons vanoggend vir Daniël voor ons sien staan, broeder en suster, dan is hy reeds ‘n baie ou man. ‘n Mens met baie jare en baie ervaringe reeds agter hom geskryf. Dink maar aan van hierdie ervaringe- seker die bekendste om die asem van leeus te ruik. In ‘n leeu kuil met honger leeus aan alle kante, en jy kan sien hoe lus hulle vir jou mag wees, maar hulle bekke is gesluit. Die Here het hulle bekke toegemaak.

Hierdie ervaring is maar ‘n kolletjie in alles wat met Daniël in sy lewe gebeur het. Hy wat as jong seun (14 jaar!), hy was toe ‘n tiener, reeds in hierdie vreemde land van Babel moes kom bly. Van 14 jaar, nou moet hy al oor die 80 jaar wees, het hy sy lewe hier in Babel moes leef. 70 jaar lank was die ballingskap. Sy volk kon intussen, so drie jaar gelede, weer begin terugkeer na Jerusalem. Nou mag die vraag wees maar wat soek jy dan nog hier, Daniël? Hoort jy nie in Israel, in Jerusalem nie? Koning Kores het julle dan reeds in die begin van sy bewind verlov gegee dat julle kan na jul land terugkeer. Die antwoord is eenvoudig die Here se wil was anders.

Die wil wat die Here ook vir u en my wil laat raaksien waarom dinge party keer nie uitwerk soos wat ons dit graag sou wou hê nie. Daniël staan beslis nie onverskillig teenoor sy volksgenote wat reeds Jerusalem se mure herbou nie. In besonder hulle wat veronderstel was om die tempelmure te herbou nie. Inteendeel, Daniël het juis die slegte nuus uit die beloofde land gekry dat sy mense kry geweldige teëstand waar hulle veronderstel is om te bou. So sleg dat hulle met swaarde in die een hand op die bouverseel en bokke moet staan waar die ander hand die troffels moet hanteer. Selfs die gesindheid van sy volk raak “bokkerig”, stamperig na mekaar, negatief oor hierdie tempel, en begin hulle harder aan hulle eie huise te bou as aan die huis van die Here.

Ons sien eintlik drie dinge rondom Daniël gebeur. Ons sien eerstens Daniël se leegheid, ons sien in die tweede plek daar is ‘n verskyning. En in die laaste plek uit hierdie verskyning die vervulling wat volg.

Daniël se leegheid

Juis die toedrag in Jerusalem dit veroorsaak Daniël se toestand in hoofstuk 10. Die ouman lyk werklik sleg want hy hoor hoe sleg dit met sy volk daar anderkant gaan. Hy is baie hartseer, en hy het baie vrae, en vir drie weke, 21 dae alreeds, het hy nie rus of duurte nie. Sy klere het hy nie geruil nie, ongewas sit hy daar, self eet hy omtrent niks nie, hy wat juis so gesteld kon wees op reg eet uit sy vroeëre tyd.

En die mees merkwaardige, dit wat ons teksverse ons ook duidelik laat verstaan is, Daniël sit nie maar net daar, pateties op 'n bondel en lyk sleg nie, maar van die eerste dag van hierdie geweldige stryd waarin hy gekom het, het hy reeds begin bid. So ken ons hom mos, so wil die Here dat ons vir Daniël as eerste eienskap moet onthou hoe hy altyd man van gebed was. Hy het gebed, dag vir dag, drie maal per dag, met oop venster Jerusalem toe. Oggend, middag, aand het hy gebed.

En in hierdie dae was dit nie 'n uitsondering nie, dit was juis gewoonte. Gewoond om te bid- maar is die hemel dan van koper? Ondeurdringbaar, dig, weerkaats maar net my woorde terug sonder enige antwoord? So lank soos 'n hoenderhen op haar eiers moet sit, voor daar 'n kuikentjie sal uitbroei, so lank praat Daniël aanmekaar met die Here, maar dit lyk die Here hoor hom nie. Is sy gebed dan nou net so 'n verlore saak?! Hoekom lyk dit asof die Here struikelblokke voor 'n mens se voete inskuif juis as ek my weg na die Here wil keer? Is dit hoe die Here werk?

Broeder en suster, vir een-en-twintig dae mag dit miskien so gelyk het, maar Daniël moes besef dit is nie waar nie. Die Here was van dag een van sy gebed, tot verby die twintigste dag waar hy onophoudelik met die Here bly worstel het, net op 'n ander verdieping besig. Besef jy dit Daniël, besef ons dit ook nog? Ons wat baie keer ons geloof so maak soos die meeste van ons huise. Enkelverdieping. As mens se geloof enkelverdieping is dan kan jy van kamer na kamer dwaal, elke kamer lyk so leeg soos die vorige een, en jy mag voel soos na 'n inbraak. Alles is van my gesteel, jare se werk, niks het oorgebly waarvoor ek ure, dae maande, jare my voor afgesloof het nie, ek het so hard gewerk, nou is dit weg, ek mag so verontreg voel? Mag ek?

Nee, ek mag miskien in ‘n enkelverdieping huis bly, maar ons moet altyd ‘n dubbelverdieping geloof hê? Ek moet in die geloof altyd weet hierdie bly hier onder, hierdie stryd hier onder, hierdie trane hieronder, hierdie swaarkry hieronder, dit het trappe wat ek moet klim. Boontoe, lug toe, deur die lug- hemel toe! Klim die trappe hemel toe na die boonste verdieping toe. In kort is dit wat die engel vir Daniël kom sê het. Kry ‘n dubbelverdieping-geloof.

Vir jou mag dit lyk, Daniël of alles in Jerusalem gaan stilstaan het, maar in die hemel is dit die ene bedrywigheid. Daar is gebeure hierbo, en magte hierbo waarvan jy so onbewus van is. En weet, toe jy die eerste maal al hieroor gebid het, toe reeds is jou gebed baie ernstig opgeneem. Die Here weet hoe jy daarna verlang om te verstaan hoekom hierdie dinge nou so gebeur het, die Here sien jou in jou ootmoed. Soos die engel vir Daniël in vers 12 sê: *Wees nie bevrees nie, Daniël; want van die eerste dag af dat jy jou hart daarop gerig het om ag te gee en jou voor die aangesig van jou God te verootmoedig, is jou woorde gehoor, en om jou woorde ontwil het ek gekom...* Dis jou woorde wat die engele uit hulle hemelvestings laat kom.

Laat ons in die tweede plek kyk na –

Die engel se verskyning

Dit wat op aarde vir ons mag lyk of dit tot stilstand kom, is eintlik net ‘n verskuiwing van God se werksterrein buite ons gesigsveld. In werklikheid moet ons glo en aanvaar- God se werk kom nooit tot stilstand nie. U moet dan ook in sulke omstandighede waar dit vir u lyk die hemele het my vergeet, ek mag voel ek is uitgesluit, net nooit ophou bid nie.

Dis die wonderlike van om kind van God te wees- ‘n mens moet altyd bly bid. Die krag van gebed wat engele hulle werk laat doen, die krag van gebed het in die apostel Petrus se lewe ook ‘n engel laat neerdaal. Toe Petrus in die tronk opgesluit en vasgeketting was het die gemeente vir hom gebid en Petrus is in daardie nag die gevangenis uitgehaal. Watter krag mag ons vra- wat selfs die engele dwing om af te gaan aarde toe.

Watter krag- geweldig, want toe hierdie engel aan Daniël verskyn, was die engel se gedaante soos chrisoliet en sy *aangesig soos die geflikker van 'n weerligstraal, sy oë was soos fakkels van vuur-* in ons woorde kan ons sê sy oë straal soos 'n sweisvlam waar niemand in kan kyk nie. Sy woorde klink soos donderweer. Net Daniël sien dit, maar die manne saam met hom, al sien hulle nie hierdie gesig nie, het 'n groot skrik hulle oorval en hulle weggehardloop en gaan wegkruip. Dis net die oumens Daniël wat daar oorgebly het- vers 8- en dan sê Daniël ook *geen krag het in my oorgebly nie, en my gesonde kleur aan my het verander en verdwyn ek ek het geen krag oorgehou nie.* Dis die krag van gebed- jy het dalk op die einde geen krag as jy werklik daarmee besig is nie, maar met watter krag is jy as mens in werklikheid dan nie mee besig nie! Daniël het grond toe geval, bewusteloos met sy gesig ondertoe, en tog word hy opgehelp. Daar is 'n hand wat hom op sy knieë tel, hy staan hande viervoet, daar op die rivieroewer, om die verdere res, want die ergste kom nog te hoor en te beleef.

Agter die skerms, of ons kan sê in die boonste deel van ons geloofsgebou, in die boonste verdieping is daar 'n onsigbare stryd aan die gang. Efesiërs 6 vers 12 wat ons duidelik laat verstaan, ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die bose magte wat agter die vyande van vleis en bloed sit. Openbaring 13 gee in nog meer besonderhede hieraan aandag. Die wêreldryke word as 'n dier met sewe koppe voorgestel. Die dier lyk soos 'n draak. En Satan het aan die dier sy troon en mag en groot krag gegee. In kort beteken dit dat Satan self as geestelike mag agter die dier van die wêreldryke sit. Die engel verduidelik aan Daniël in vers 13 dat *die koninkryk van die Perse het een en twintig dae lank teenoor my gestaan...*

Die duiwel se magte word gesien wel as 'n duidelik werkende mag- daar word selfs iets koninkliks daarby gevoeg. Dit is natuurlik die ryk van die duisternis wat in hierdie wêreld met groot mag en krag aan die werk is, en ons moet nie 'n fout maak nie. Die duiwel is 'n goeie organiseerder. Diplomatie kan deur die duiwel en sy meehelpers in die fynste kuns denkbaar uitgewerk word. Alles kan goed voorbereid staan, maar dan staan dit in duiwelse hande.

Pretoria- 27 November 2011

Die stryd teen die Here se Woord en kerk is nie maar toevallig nie, dis fyn uitgewerk. Die engel wat as eerste antwoord op Daniël se gebed vir Daniël aanvanklik moes kom bystaan, het hom dan ook eers teen die werkplek van die duivel vasgeloop. Die engel sê vir Daniel, hy die engel is 21 dae opgehou, en hy moet weer teruggaan. Dan is dit nie net teen die duiwelse magte in Persië waarteen daar weerstand gebied moet word nie, hy moet dan ook die vors in Griekeland gaan teëstaan-Vers 20: *Weet jy waarom ek na jou gekom het? Ek moet dan nou teruggaan om te veg met die vors van die Perse; en as ek heengegaan het, kyk dan kom die vors van Griekeland.*

Die mense in Israel wat nie met die bouwerk kan vorder nie, moes ook verstaan, agter die stryd met troffel en swaard lê die stryd van die geeste- geestelike magte. Stryd in vêr lande, 'n ekumeniese stryd. Die stryd tussen demone en engele. Ons kan dit in ons tyd nie mis nie. As diere met mekaar veg dan is hulle liggaamsgewig en hulle ratsheid en die skerphheid van hulle tande dit wat die hewigheid van die stryd bepaal, maar as mense met mekaar oorlog voer, die mens met sy denkende gees dan vind die mens sulke wapens uit om die ander mens in iets van die verskriklikste ellende denkbaar te dompel.

In moderne gewaad laat die duivel duidelik van hom hoor, sonder om die duivel self raak te sien. Die duiwelse geknoei hier naby ons, net hier bokant ons, die bose geeste in die lug, moet dit nooit onderskat nie. Ook die stryd van die engele teen die bose geeste in die lug. Ons wat besef soos ou ds. Veldkamp voor 1950 vir die eerste keer al gesê het, dat die grootste beslissinge nie meer op die aarde plaasvind nie, maar in die lug. Die vliegtuig deur die lug, die radio- en TV-sein deur die lug, as troepe op aarde versterk moet word, dan moet hulle vinnig met 'n vliegtuig deur die lug aangevul word, valskermsoldate wat deur die lug hulle invalle kom doen, alles gebeur deur die lug, daar waar die Here ook vir ons sê, ons stry nie teen vleis en bloed in die eerste plek nie, maar teen die bose geeste in die lug. Die engele en ons raak op al hoe meer intensiewe maniere by hierdie stryd betrokke en word daarby ingetrek.

Die duivel hou van die atmosfeer van haat, hy probeer die verhoudinge al hoe meer gespanne te maak, hy laai die lug met agterdog en jaloesie, hy skep die twyfel in die ware

God, ja hoevele teoloë wat die gesag en die plek van die Here se Woord maar net afmaak as sou die Bybel net deel wees van mense in hulle eie ou wêreldjie van destyds. Mense wat die historisiteit en die werklikheid van Genesis 1-11 onder verdenking stel. Dis mos dan 'n ou boek in ons nuwe wêreld!

Mag die Here se Woord vanoggend nie vir ons oud wees nie, mag dit vir ons 'n nuwe boek wees, in 'n wêreld wat oud geword het. En in hierdie nuwe boek, ja in die Nuwe Testament, dan het ons soveel meer ontvang as Daniël. Daniël saam met die res van die Ou Testament het wel al van Jesus kon profeteer as daar in die Ou Testament gepraat word van die Kneg van die Here. Hierdie Kneg is na ons gestuur, Hy het hier gewerk, Hy het gesterf, Hy het opgestaan, Hy het opgevaar na die hemel, vandaar regeer Hy.

Dit bring ons dan by ons laaste gedagte.

Die vervulling wat die Here aan Daniël hier skenk na sy verskyning:

Die Here is in die hemel baie hard aan die werk. U geloof wat Hom in die boonste verdieping van ons geloofshuis raaksien, moet u laat besef al lyk dit op aarde of die duiwel oorvat, en of die kerk en die Here se werk kom tot absolute stilstand, soos dit vir Daniël ook in daardie 21 dae gelyk het, (dit kan vir ons dalk 21 jaar so lyk,) weet dat Christus in die hemel veg vir ons.

Dit is nie net die aarde wat tel nie. Klim die trappe van u geloofshuis tot in die hemelse vertrekke en weet daar bo gaan die stryd voort. Jesus wat veg, Hy veg vir jou en vir my, en Hy sal dit bly doen tot Hy die volmaakte vir ons kon bereik. As u dit raaksien, gemeente dan sal ons weet hoe om teëspoed reg te hanteer. As dinge heeltemal teen ons plan en teen ons sin verloop, teleurstellings, ek sal dit dan anders hanteer. Ek begin nie dan in God te twyfel nie, maar ek weet die Here wil my leer om eerder nog méér op Hom te vertrou.

En die belangrikste, ons het vanoggend gepraat, nie eintlik van die dinge wat hier op aarde gebeur nie, maar die dinge van die lug. Dit wat hier in die lug gebeur. Gebed dring deur hierdie lug, dit gaan deur die wolke. Gebed dring die hemele binne. Dis wat u

Pretoria- 27 November 2011

eerste moet doen, u moet bid. Gebed maak die hemel teen die hel mobiel. Die magte van bose, haat, geweld en onreg word deur gebed gebreek.

Die regte hantering van enige probleem begin by gebed. Daniël was 'n bidder by uitnemendheid. Op aarde mag dit lyk niks verander nie, maar weet hoe u gebede die hemelse verander. U probleme word eerstens in die hemel aangespreek, daar draai die ratte alreeds, al sal die geluid van hierdie hemelse werkinge u ore nie hier op aarde bereik nie, wat maak dit saak? Die belangrikste is dat die Here in die hemel hierdie gebed moes hoor. Vertrou dat Hy wat alleen God is weet hoe om u gebedsake reg te hanteer.

U dubbelverdiepinggeloof gee ware geloof ook aan u gebede. Dit verklaar die verlede en die hede, en terselfdetyd word die toekoms oopgesluit. Ek hoef my nie oor die onsigbare stryd hierbo so te bekommer in die sin dat dit my moedeloos sal maak nie. Wat ons moet bangmaak en moedeloos sal maak is as ons nie meer bid nie. As ons geestelik so laks raak dat ons nie meer glo in die ware krag van gebed nie.

En in die floue verwagting wat ons mense baie keer in ons gebede weerspieël lê baie keer nog 'n dieper gevaar. En dit is dat ons te gemaklik geraak het met God se teenwoordigheid. Dié God nou in hierdie erediens teenwoordig. Was ons vanoggend intens bewus met wat ons doen as ons waarlik kerk-toe kom? Ons wat Daniël platgeslaan sien as hy met God se almag gekonfronteer word.

Na 21 dae is hy teen die grond, nie omdat daar 21 dae verby gegaan het nie, maar omdat God nou daar by hom is. Dit is wat God se teenwoordigheid my moet laat besef, dat ek wat eintlik platgeslaan moes word, swakke mens, God is hier! Hy slaan my nie plat nie, Hy betrek my, Hy maak my sy kind, ek moet Hom vra dat Hy my optel en my dra soos Hy vir Daniël hier opgetel het (vv.10-11). Ons kom dan bewend op ons hande en knieë, en ons vra die Here dat ons weer regop kan kom, raak ons lippe aan, om u werke te bly vertel, om te praat wat U wil hê ons moet praat.

Pretoria- 27 November 2011

Al sien ons eintlik maar net 'n klein skermpie van dit wat agter die groot skerms gebeur. Daardie klein skermpie wat die engel Daniël laat sien het. Tog dit laat ons met ander oë na die wêreldgeskiedenis kyk. Ons kan nie naastenby al die besonderhede ken en dit alles hanteer nie, tog weet ons, met 'n dubbelverdiepinggeloof ek staan nie alleen nie, en niks staan stil nie, al mag dit voel die Here sien my nie meer nie, die Here het ook teenoor my stil geword. Weet die Here veg heelyd vir u! Hy wat ons op die regte pad lei, Hy bewaar ons van die Bose, wat intens teenwoordig is en besig is. Die Here gee groei en gee krag, ook vir elke dag wat ons nog op hierdie aarde moet wees. Hy wat u siel bevry het van die mag van die Bose. Word kragtig in die Here en in die krag van Sy sterkte, want ook ons toekoms, u en my toekoms behoort aan die Here.

AMEN